


## Week 1: Galasiërs 1

**Vertel vir mekaar julle "amper-verdrink"-stories**. As jy nog nooit amper verdink het nie, kan 'n "near-death-experience" ook help.

**Lees: Galasiërs 1**

- **Paulus praat telkens in hierdie hoofstuk oor die belangrikheid van die evangelie – v 7-9, 11.**
  - Gee 'n een sin 'n opsomming van jou verstaan van die evangelie.
  - Waarom dink jy is die evangelie vir Paulus so belangrik?
- **Kyk na hierdie youtube video vir 'n opsomming oor die evangelie**

  **https://www.youtube.com/watch?v=K48-Li7lIfA**
  - **Wat tref jou die meeste daarvan?**
  - **Watter sake/elemente word daarin aagespreek wat jy nie in jou opsomming het nie.**
- **Skryf as selgroep saam aan julle opsomming van die evangelie.**
  - Die volgende verse in hoofstuk 1 kan dalk daarmee help – v 2-4, 6, 11, 15 – maar kyk gerus ook na ander Bybelgedeeltes vir 'n goeie opsomming.
- **Hoekom dink julle is dit so belangrik om te verstaan waaroor die evangelie gaan, as ons praat oor vryheid of vryspraak of verlossing?**

**Bid saam vir die mag van die evangelie om in ons lewens kragtig te werk oor die volgende paar weke!**